



eduresourceza.com

ST. DOMINIC'S SCHOOL FOR GIRLS



AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 12

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

VRAESTEL 1

Eksaminator: Me. C.Snyman

Datum: Augustus 2024

Moderator: Me. L.Tennant

Tyd: 2½ ure

Punte: 100

INSTRUKSIES:

1. Die vraestel bestaan uit 19 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Die vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS.

Afdeling A	Leesbegrip	(30 punte)
Afdeling B	Opsomming	(10 punte)
Afdeling C	Poësie	(30 punte)
Afdeling D	Taalvaardigheid	(30 punte)
3. Beantwoord al die vrae.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy. (Moet asseblief nie agterop 'n bladsy aangaan nie)
5. Nommer jou vrae presies soos die vrae op die vraestel genummer is.
6. ALLE vrae moet in Afrikaans beantwoord word.
7. Dit is jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

AFDELING A LEESBEGRIP**Vraag 1 Koerantartikel**

Lees die volgende artikel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Coke – 'n mondvol pret en plesier!

1. Die lewe is nie maklik nie; kyk rondom jou en jy sal sien dat mense sukkel. Dus het ons almal 'n bietjie hulp nodig. En as dit met 'n dosis positiwiteit en humor kom, is dit nog beter! Al is dit net vir 'n oomblik en in 'n bottel of 'n blikkie! Dié koeldrankie het hierdie vreugde oor die jare byna vervolmaak.
2. Daar is net iets omtrent daardie sjjj-geluid wat Coca-Cola maak – en jy weet presies wat jy gaan kry! Selfs al weet ons dit is nie die gesondste drankie nie. Maar daar is darem die Zero of Light-opsies...
3. John Pemberton het sy eerste glas Coca-Cola op 8 Mei 1886 in Atlanta, in die VSA geskink. In sy eerste jaar is nege drankies per dag verkoop. Volgens www.market.us verkoop die maatskappy vandag 1,9 biljoen bottels Coke per dag. Gemiddeld word meer as 10 000 Cokes elke sekonde van elke dag wêreldwyd gedrink.
4. Die World of Coca-Cola-museum in Atlanta is 'n vreugdevolle en prettige ervaring. Besoekers word die hele tyd deur alles getrakteer en gefassineer. Interaktiewe uitstallings dra by tot die pret en jy leer meer as wat jy ooit kon dink.
5. In hierdie museum is daar twee fliekteaters. In die Coca-Cola teater kan jy aan die begin van jou besoek 'n ses minuut lange film kyk. Dié kortfilm, **Moments of Happiness**, vier die lewe se oomblikke van geluk. Die ou wat sy meisie tydens 'n warmballonrit gevra het om te trou, is 'n gunsteling. Gelukkig het sy "ja" gesê! In die tweede teater is **In Search of the secret formula** eindelose pret en maak weer die kind in 'n mens wakker. Daar is kleurvolle vloestowwe in proefbuise, borrelende brouesels en 'n wetenskaplike wat op sy skaatsplank in 'n deurmekaar laboratorium sweef.

6. Daar is ook tien galerye wat die geskiedenis van Coke uitbeeld. Op pad na **The Vault**, die kluis waar die geheime formule vir Coca-Cola veilig bewaar word, kan besoekers ook op 'n multimedia reis gaan waar jy meer oor die oorsprong van die formule en mites en legendes hieroor leer.
7. Aan die einde van die besoek ontmoet jy vir Eisj, die ysbeer en gelukbringer vir Coca-Cola. Jy kan ook saam met hom vir 'n foto poseer en dis nie net vir kinders nie!

[Bron: **Rapport**, 3 Maart 2024, **Bylaag**]



- 1.1 Waarom kan 'n slukkie Coke uit 'n bottel of 'n blikkie die lewe makliker maak? Noem **een feit**. (1)
- 1.2 Waarom is Coca-Cola so 'n gewilde drankie, al weet ons almal dat dit ongesond is? Verduidelik in jou **eie woorde**. (1)
- 1.3 Hoe weet jy dat Coca-Cola sedert 1886 'n baie gewilde drankie geword het? (2)
- 1.4 Waarom is dit 'n goeie en gepaste idee om die World of Coca-Cola-museum in Atlanta te hê? (1)
- 1.5 Wat maak die baie dinge wat 'n mens by hierdie museum leer ook pret? (1)
- 1.6 Waarom, dink jy, is die kortfilm oor die warmballonrit so 'n groot gunsteling? Verduidelik in jou **eie woorde**. (1)
- 1.7 Wat doen die wetenskaplike in die kortfilm, **In search of the secret formula**, wat gewone wetenskaplikes nie sal doen nie? (1)
- 1.8.1 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.
Die formule wat gebruik word om Coca-Cola te maak, is aan die besoekers van die galery bekend. (1)
- 1.8.2 Motiveer jou antwoord by 1.8.1 deur jou antwoord **in jou eie woorde te verduidelik**. (1)
- 1.9 Wat maak die einde van jou besoek aan die museum ook baie spesiaal? (1)

[11]



Vraag 2 Resep en advertensie

Bestudeer die onderstaande advertensie en resep en beantwoord die vrae wat volg.

Lucky Star is die ster op die lys van kos-ikone!

Dié handelsmerk skep nostalgie en is volksbesit vir Suid-Afrikaners. Lucky Star Sardyne is al vir meer as 65 jaar 'n gunsteling. Dié vissies maak dit vir tuiskokke moontlik om heerlike, gesonde maaltye propvol Omega 3 vir hulle gesinne te maak. Dit is gerieflik, maklik en vinnig om ook vir jou gaste iets uit dié blikkies op te tower.

RESEP

Gunsteling resepte word ook van generasie na generasie oorgedra:

Bestanddele vir sardynaartappels

4 groot aartappels

4 eetlepels botter

½ koppie gerasperde Cheddarkaas

250 ml suurroom

1 blik Lucky Star Sardyne in soetrissiesous

60 ml mayonaise

Gekapte pietersielie vir garnering

Metode

- Maak die sardyne effens fyn
- Meng dit met die mayonaise
- Was die aartappels en prik dit met 'n vurk
- Mikrogolf vir 10 tot 15 minute
- Toets die aartappels om te sien of dit sag is.
- Sny 'n kruis aan die bokant van die aartappels en druk dit oop
- Sit die botter, sardyn-mayo en kaas bo-op
- Mikrogolf die aartappel met vulsel vir een tot twee minute totdat die kaas gesmelt is
- Bedien met suurroom en pietersielie

- 2.1 Verwys na die **advertensie**. Watter **woord** in die **paragraaf** sal 'n mens met die logo "The Taste of home" assosieer? Skryf net die woord neer. (1)
- 2.2 Watter idee gee die **advertensie** oor wat 'n mens met die sardyne vir 'n maaltyd kan maak? (1)
- 2.3 Verwys na die **paragraaf**. Waarom is hierdie handelsmerk so nostalgies vir Suid-Afrikaners? (1)
- 2.4 Wat maak 'n maaltyd van hierdie vissies so gesond? (1)
- 2.5 Waarom sal jy Lucky Star se sardyne gebruik as jy onverwags gaste vir ete kry? (1)
- 2.6 Verwys na die **resep**. Hoe weet jy dat hierdie resep 'n familieresept is? (1)
- 2.7 Vir hoeveel mense sal 'n mens met hierdie resep kan kos gee? Skryf die **getal in woorde**. (1)
- 2.8 Hoeveel botter sal jy vir elke aartappel gebruik? (1)
- 2.9 Dink jy 'n mens sal die aartappels miskien vir langer as 15 minute moet mikrogolf? Antwoord JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)
- 2.10 Wat moet 'n mens doen om die vulsel binne-in die aartappel te sit? (1)
- 2.11 Watter bestanddele sal jy gebruik om die aartappels te bedien? (1)

[11]

Vraag 3 Teks en grafika

Bestudeer die onderstaande teks en grafika en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Braaidag


Erfenisdag, 24 September, het ook vir baie Suid-Afrikaners Braaidag geword. Dít is 'n perfekte dag vir braai, slaai en lawaai!

Dit kan minder as R350 kos om 'n heerlike braai vir vier mense voor te sit. So 'n maaltyd sal jou die meeste by Woolworths kos. By dié winkels sal jy R335.92 betaal vir 600g biefstuk (150g per persoon), 400g boerewors (100g per persoon), 400g hoenderboudjies (100g per persoon), tamaties (pak van vier, gebruik 2), 'n kop blaarslaai (gebruik net die helfte), 'n komkommer (gebruik net die helfte), 'n avokado en fetakaas (200g).

Dit is R80 duurder as wat die bestanddele, wat die goedkoopste is, by Checkers kos.

[Bron: **Netwerk 24, Inflasiemandjie:** <https://cdn.24.co.za> Netwerk 24-Grafika, Karien Wilson]

Slaai en braai vir vier mense op Braaidag



Checkers

Totale prys:
R255,92

Pick n Pay

Totale prys:
R287,28

SPAR

Totale prys:
R271,92

W WOOLWORTHS

Totale prys:
R335,92

- 3.1 Verwys na die **teks**. Verduidelik in jou **eie woorde** hoe 'n mens Braaidag kan beskryf. (1)
- 3.2 Verwys na die **grafika**. Waarom sal 'n mens op komkommer, tamaties en blaarslaai kan spaar, al koop jy dit by enige winkel? (1)
- 3.3 By watter winkel sal jy vleis gaan koop as jy jou braaidag goedkoop wil hou? (1)
- 3.4 By watter winkels kos fetakaas dieselfde? (1)
- 3.5 Waarom sal 'n mens avokado's by enige winkel, behalwe Woolworths koop, as jy geld wil spaar? (1)
- 3.6 Watter bestanddele, wat in die grafika is, sal jy vir slaai gebruik? (1)
- 3.7 Waarom sal die vleis vir jou braaidag goedkoper wees as twee van jou gaste nie rooivleis eet nie? (1)
- 3.8 Watter kos, wat nie in die grafika genoem word nie, sal jy ook vir jou gaste op braaidag wil bedien? (1)

[8]

[30 punte]



AFDELING B OPSOMMING**Vraag 4****Opdrag**

- Som die **vyf** wenke oor wat jy moet doen om jouself teen die **Donker Web** te beskerm en die **rede** daarvoor in **vyf hoofpunte** op.

Onthou

- Moenie sinne direk uit die teks aanhaal nie.
- Elkeen van jou vyf hoofpunte moet 'n **wenk** en 'n **rede** vir die wenk bevat.
- Elke hoofpunt mag uit **een of twee sinne** bestaan.
- Laat 'n reël na elke hoofpunt oop.
- Jou opsomming mag nie **minder as 60 woorde** of **meer as 80 woorde** lank wees nie.
- Skryf 'n woordtelling aan die einde neer.
- Trek 'n streep deur jou beplanning.

Wenke om jouself teen die Donker Web te beskerm

Die donker web is 'n uithangplek vir kubermisdadigers wat ál meer gesofistikeerd raak. Daarom moet jy weet wat in hierdie donker dieptes aangaan, want anders kan jy maklik 'n slagoffer word.

Maak seker dat jou selfoon en rekenaar se sagteware outomaties opgedateer word. Foute en sekuriteitsrisiko's gebeur met die tyd en sagteware moet hierteen beveilig word. Sagteware wat nie op datum is nie, kan maklik deur kuberkrakers gekaap word.

Gebruik goeie en slim wagwoorde om toegang tot jou stelsels te kry. Wagwoorde moet soveel moontlik karakters bevat wat uit 'n kombinasie van hoofletters, kleinletters, syfers en ander spesiale karakters bestaan, bv. %. Kuberkrakers probeer altyd maklike wagwoorde uitwerk, soos 123456 of 'n kombinasie van persoonlike inligting.

Gebruik multifaktor-verifikasie. Dit beteken dat 'n mens meer as een bewys van identifikasie moet gee om toegang tot 'n stelsel te kry. Dit gee 'n ekstra vlak van veiligheid wanneer 'n wagwoord uitgelek het of 'n kuberkraker in 'n persoon se rekening probeer inteken.

Moenie té veel persoonlike informasie bekend maak deur vorms in te vul met al jou persoonlike detail nie. Hoe meer persoonlike inligting op die internet geplaas word, hoe makliker is dit vir kuberkrakers om jou identiteit te steel en te vervals.

Vra jouself of iets "te goed" is om waar te wees. Die SMS wat sê dat jy miljoene rande gewen het, is gewoonlik nie waar nie. Jy moet dan gewoonlik jou bankbesonderhede bekend maak en so kan al jou spaargeld gesteel word.

[Bron: **Rapport Beleef**, 25 Februarie 2024]

[10 punte]

AFDELING C POËSIE**Vraag 5 Voorbereide gedig**

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.

Sterrekyker – Franci Greyling

1. Ek skryf 'n brief aan die man op die maan –
2. bladsye en bladsye vol.
3. Ek rol dit in 'n koker op,
4. bind dit aan 'n pyl
5. en skiet dit met 'n wilgerboog
6. dat dit hoog die lug inseil.
7. Ek sien hoe dit deur die sterre trek
8. en om die maan gaan draai
9. en al verder deur die donker lug
10. 'n duisend briewe saai.
11. Nou wonder ek
12. - en wonder jy? –
13. het hy ooit sy pos gekry,
14. of sou daar iemand anders wees
15. wat al dié briewe dalk sou lees?

[Bron: Toulopers: Verse vir Tieners – saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]

- 5.1 Waarom, dink jy, kyk die spreker na die sterre? (1)
- 5.2 Watter stylfiguur gebruik die spreker om aan te dui dat die brief 'n baie lang brief is? (1)
- 5.3 Wat gebruik die spreker om die brief die lug in te skiet? (1)
- 5.4 Watter konneksie is daar tussen die wilgerboom (reël 5) en die maan? (1)
- 5.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer.
 - In reël 8 is die volgende soort rym funksioneel:
 - A. alliterasie
 - B. kruisrym
 - C. gebroke rym
 - D. assonansie(1)
- 5.6 Verduidelik die funksie van die enjambement in reël 7 en reël 8. (1)
- 5.7 Gee en benoem die rymskema in die laaste vier versreëls van die gedig. (2)

5.8 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die korrekte vraagnommer en letter neer.

- Die stylfiguur in reël 12 is 'n voorbeeld van 'n:


A. paradoks
B. parentese
C. repetisie
D. ironie

(1)

5.9 Watter ander woord in die gedig gebruik die spreker om ook na die brief te verwys? Skryf net die woord neer.

(1)

[10]



Vraag 6 Voorbereide gedig

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.

klein geloof Tanja Joubert

- 1 die kabouter is uit my tuin gesteel
- 2 en kersvader kom nooit meer op sy slee
- 3 die tandemuis was net my ma
- 4 en paddaprinse is amfibieë
- 5 Armstrong was die man op die maan
- 6 en my melkskommelweg het versuur
- 7 drake is dinosourusse
- 8 lugkastele is argitektuur
- 9 ek het ál my sprokies brand gestee
- 10 Realisme, Feite, Wetenskap:
- 11 EK KAN BEWYS!
- 12 maar waarom slaap ek met my lig nog aan
- 13 stoei met die monsters onder my bed
- 14 en waarom bid ek elke dag
- 15 dat die Prins op die donkie my moet red?

- 6.1 In reël 1 sê die spreker “die kabouter is uit my tuin gesteel”
Wat is die figuurlike betekenis van bogenoemde woorde? (1)
- 6.2 Noem twee van die spreker se “klein gelofies” wat nou deur feite vervang word. (2)
- 6.3 Op watter twee woorde is “melkskommelweg” ‘n woordspeling? (1)
- 6.4 Die gebruik van die hoofletters in reël 11 is om te beklemtoon. Wat wil die digter met die gebruik van die hoofletters beklemtoon? (1)
- 6.5 Watter enkele woord dui ‘n wending in die gedig aan? (1)
- 6.6 Wat suggereer die gebruik van die woord “nog” in reël 12 oor hoe die spreker oor die donker voel. (1)
- 6.7 Gee ‘n voorbeeld van assonansie uit die gedig. (1)
- 6.8 Die spreker verwys na twee prinse in hierdie gedig.
Watter een is vir haar onderskeidelik ‘n fantasie en watter een is realiteit? (2)

[10]



Vraag 7 Onvoorbereide gedig**Ons toekoms in die sterre – Solette Swanepoel**

- 1 meneer Roux sê 'n supernova
- 2 is 'n sterreontploffing van lig
- 3 wat voor dit verdwyn helderder
- 4 as 'n hele sterrestelsel kan skyn
- 5 en terwyl meneer Roux oor sterwende sterre praat
- 6 leun jy onverwags oor na my
- 7 (op jou sterk arms)
- 8 en fluister jy wil oor vyftien jaar maan toe gaan
- 9 (en jou kuiltjies duik in jou wange)
- 10 ek styg op, raak ligter
- 11 perde hardloop in my hart
- 12 as jy maar net
- 13 aan my wou raak, van my wou hou –
- 14 wanneer jy oor vyftien jaar op die maan is
- 15 sal my ster uitgebrand wees
- 16 dan het ek al lankal vergeet van jou

[Bron: Sterkykers: gedigte vir tieners – saamgestel deur Jaco Jacobs, Lapa 2016]

- 7.1.1 Bestudeer die bou van die gedig. Watter soort gedig is dit? (1)
- 7.1.2 Gee een eienskap van die soort gedig. (1)
- 7.2 Haal 'n voorbeeld van alliterasie uit strofe twee aan en onderstreep die gedeeltes om die alliterasie aan te dui. (1)
- 7.3 Reëls 7 en 9 is tussen hakies geskryf. Wat suggereer dit van die spreker? (2)
- 7.4 Wat suggereer die seun se kuiltjies van sy houding teenoor die spreker in reël 9? (1)
- 7.5 Haal 'n versreël aan wat bevestig dat die spreker opgewonde/verheug is dat die seun met haar gepraat het. (1)
- 7.6 Waarvan is die "ster" in reël 15 'n metafoor? (1)
- 7.7 Waarom maak die digter in reël 16 gebruik van inversie? (1)
- 7.8 Hoe word reël 9 beklemtoon? (1)

[10]**[30 punte]**

AFDELING D TAALVAARDIGHEID

Vraag 8 Sinstrukture

Bestudeer die strokiesprente hieronder. Herskryf die sinne soos aangedui.

Zitts



[Bron: **Beeld** – 7 Maart 2024]

Zitts



[Bron: **Beeld** – 8 Maart 2024]

8.1 Het jy al ooit 'n geselsbot gebruik?

Nee, ... (1)

8.2 Jeremy se pa wil die geselsbot gebruik, maar Jeremy is baie skepties.

Al ... (1)

8.3 Kinders moet hulle ouers ook gelukwens.

Kinders behoort ... (1)

- 8.4 Jeremy se pa wil 'n boodskap stuur wanneer sy pasiënte hom moet besoek, want hy is bekommerd.
Die vorige week ... (1)
- 8.5 Hector vra: "Wat gaan ons nou met ons slim ouers doen?"
Hector vra ... (1)
- 8.6 Jeremy se ma het 'n slim idee en die geselsbot skryf dit vir haar neer.
Die volgende dag ... (1)
- 8.7 Die pakkie staan op die tafel. Ma het die nota in die pakkie gesit.
Die pakkie waarin ... (1)
- 8.8 Jeremy en sy vriend sit en gesels om sy ma se nota te verstaan.
Eergister ... (1)
- 8.9 Ma tik vandag die boodskap vinnig op haar rekenaar.
Die boodskap ... (1)
- 8.10 Ma is gelukkig, want Jeremy gaan haar boodskap lees.
Ma is gelukkig, omdat ... (1)
- 8.11 Die nota is gister vinnig deur Jeremy gelees.
Jeremy ... (1)
- 8.12 Jeremy se ma tik haar boodskap sodat sy dit vir die geselsbot kan stuur.
Jeremy se ma tik haar boodskap om ... (1)

[12]

Vraag 9 Woordstrukture

- Lees die paragraaf, wat op die spotprent gebaseer is, deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word.
- Skryf die nommer en jou antwoord **onder mekaar** neer.



[Bron: **Beeld** – 20 Maart 2024]

Dié man is die 9.1 (**trots – gee die oortreffende trap**) boer van al die boere. Die 9.2 (**slaap – gee die teenwoordige deelwoord**) pampoen lê gemaklik op die 9.3 (**pillow – gee die korrekte Afrikaanse woord**). Bella dink dit is die regte 9.4 (**kies/keuse – kies die korrekte woord**) al is daar baie ander 9.5 (**bed – gee die meervoud**) in die huis. Die man se vrou dink nie dit is 'n 9.6 (**goed – gee die korrekte vorm van die adjektief**) idee nie, maar 9.7 (**... – gee die korrekte voornaamwoord**) man dink Bella is die 9.8 (**koning – gee die verkleining**) in die huis. Hulle gaan nog baie oor Bella 9.9 (**veg – gee 'n sinoniem**)! Hy gaan nou seker baie 9.10 (**foto – gee die meervoud**) van Bella 9.11 (**... – vul die korrekte voorsetsel in**) hulle 9.12 (**slaapkamer/bedkamer – kies die korrekte woord**) se muur hang. Die vrou is 9.13 (**kwaad – gee die intensiewe vorm**) want die pampoen is 9.14 (**nie skoon nie – gee een woord**). Die hondjie is 9.15 (**moër/moëer/moeër – kies die korrekte spelling**) as die mense want dit is al 9.16 (**11:30 – skryf die tyd as 'n woord**) in die aand. Hy hoop Bella kry 'n nagmerrie!

[16 X ½ = 8]

Vraag 10 Kommunikasie

- Kyk na die illustrasies en bestudeer die inligting hieronder.
- Voer die instruksie, wat by elke situasie gevra word, uit.
- Skryf elke keer die woorde van die persoon wat praat, neer.
- Jy mag **nie die vetgedrukte** woorde in jou respons gebruik **nie**.
- Elke respons moet tussen 15 – 20 woorde lank wees.
- Skryf die woordtelling na elke respons neer.

Situasie

As Graad 12-leerder, is jy die mentor van 'n Graad 8-leerder.



- 10.1 Wat sê jy aan die Graad 8-leerder om haar by die hoërskool te laat **welkom** voel? (2)
- 10.2 Die Graad 8-leerder sê dat alles in die hoërskool nuut en vreemd is en dat sy **onseker** voel. Wat sê die Graad 8-leerder aan jou? (2)
- 10.3 Wat sê jy aan die Graad 8-leerder om haar **te troos** en minder onseker te laat voel? (2)
- 10.4 Jy vra aan die Graad 8-leerder wat sy die **meeste** van die hoërskool **geniet**. Wat is die Graad 8-leerder se antwoord aan jou? (2)
- 10.5 Jy besluit om verdere **raad** aan die Graad 8-leerder te gee om seker te maak dat haar Graad 8-jaar gelukkig en suksesvol sal wees. Wat is jou advies aan die Graad 8-leerder? (2)

[10]**[30 punte]****GROOTTOTAAL 100**